

## Waarom was julle dan nie bang nie?

Num 11:10-15, 12:1-16

13 Junie 2021

1. Num 11-12: 3 insidente van opstand – Tabera, Kibrot-Taäwa en Gaserot
2. Num 11: Moses se klag en die Here se antwoord
  - a. Moses kla (Num 11:11-15)
    - i. Hy is alleen verantwoordelik vir die volk
    - ii. Hy het nie die volk in die wêreld gebring nie
    - iii. Dit is onredelik dat hy aan hulle vleis moet gee
    - iv. Hy moet hulle na die beloofde land bring, terwyl die Here dit beloof het
    - v. Hy wil eerder sterf
  - b. Die Here antwoord met die aanstel van 70 oudstes, Moses voel nie bedreig deur hulle nie (Num 11:28-29)
3. Num 12: Opstand van Mirjam en Aäron
  - a. Klag oor Kussitiese vrou (Sippora? Sippora oorlede? Tweede vrou? Geskei?) (v1)
  - b. Eintlike klag: Praat die Here net deur Moses? (v2)
    - i. Mirjam = profetes (Eks 15:20), Aäron = hoëpriester (vgl Miga 6:4)
  - c. Moses is sagmoedigste mens – reageer nie (v3)
  - d. Die reaksie van die Here (v4-8):
    - i. Hy praat ook met profete
    - ii. Moses is getrou in huis van die Here (OAV)
    - iii. Waarom was julle nie bang om so te praat nie?
  - e. Mirjam melaats, Aäron pleit by Moses, Moses pleit by die Here, sy word gesond
4. Nuwe Testamentiese perspektief
  - a. Heb 3:1-6
    - i. Jesus is getrou, soos wat Moses getrou was (vgl Num 12:7 OAV)
    - ii. Jesus is groter heerlijkheid waardig as Moses
      - Moses was maar ‘n mens (alhoewel baie spesiale mens) – Jesus is Seun van God
      - Moses was in die huis van God – Jesus is oor die huis van God
      - Moses getuig van wat God sou sê – Jesus is die inhoud van wat God sê
  - b. Moses se klagtes:
    - i. Moses het nie die volk gebaar nie – Jesus het alles geskep, ook die volk en die gelowiges deelgemaak van die huis van God (Joh 17:6)
    - ii. Moses kon hulle nie versorg nie – Jesus beskerm en bewaar hulle (Joh 17:11b-12, 14:16-17, 1 Pet 2:25)
    - iii. Moses kon hulle nie in beloofde land bring nie – Jesus berei vir hulle plek voor en bring hulle daar (Joh 14:2-3)
    - iv. Moses wil eerder sterf – Jesus sterf met groter doel (Fil 2:6-11)
  - c. Joh 1:14-18
5. Waarom was julle dan nie bang nie? (Num 12:8b)
  - a. Vrees jy Jesus en die Here?
    - i. Mirjam/Aäron moes Moses vrees – maar Jesus is meer as Moses, en ons is minder as Moses – dan moet ons tog Jesus vrees!
  - b. Is ons te “gemaklik” met Jesus en die Here?